higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INTERIEURSTYLE EN -STUDIES N5

(10050355)

17 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag klasaantekeninge asook ’n addisionele VYF bronne gebruik wanneer hierdie vraestel beantwoord word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INTERIEURSTYLE EN -STUDIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Sir Herbert Baker	A	Rocaille
1.2	Die sonkoning	B	Teatrale trappe
1.3	Ébénistes	C	gebruik van die geboë poot
1.4	Rococo-styl	D	muurpapier
1.5	Madame De Pompadour	E	St. Paul se Katedraal, Londen
1.6	Jean Papillon	F	Barley-draaie
1.7	Sir Christopher Wren	G	Louis XIV
1.8	Barok-geboue	H	Louis XV
1.9	Jakobeaanse tydperk	I	Parlementsgebou, Pretoria
1.10	Regency-tydperk	J	Franse kabinetmakers

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.9) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee ’n rede vir elke antwoord.

2.1 Die Tudor argitektoniese styl was die finale ontwikkeling van Middeleeuse argitektuur in Engeland.

2.2 Formele tuine en majestueuse fonteine was ’n integrale deel van Barok-ontwerp.

2.3 Die Groot Vuur van Londen het in 1666 plaasgevind.

2.4 Rembrandt van Rijn het groot beeldhoukunswerke gedurende die Empire-tydperk geskep.

2.5 Die Catherine-paleis naby St. Petersburg in Rusland is ’n outentieke voorbeeld van Renaissance-argitektuur.

2.6 Toile de Jouy is ’n vorm van pottebakkerswerk wat met emalje in helder kleure versier is.

Kopiereg voorbehou

2.7 Die woord ‘Barrueco’ beteken in werklikheid onreëlmatige pêrel.

2.8 Lorenzo Ghiberti was ’n Florentynse kunstenaar van die Vroeë Renaissance wat die bekendste was as die skepper van die geelkoperdeure by die Doopruim van Florence katedraal.

2.9 Die Middel Renaissance meubels uit Engeland was die afsluiting van die akkerhout-era en die begin van die satynhout-era.

(9 × 2) **[18]**

VRAAG 3

Beskryf wat met die volgende terme bedoel word.

3.1 Portico

3.2 Piano Nobile

3.3 Rug met horisontale latte

3.4 Boiserie

(4 × 3) **[12]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Bespreek hoe godsdiens ’n groot invloed op die einde van die Renaissance-era en die ontwikkeling van die Barok-tydperk. (20)

4.2 St. Peter’s Square in Rome is ’n gewilde toeriste-aantreklikheid.

4.2.1 Beskryf hierdie ruimte. (15)

4.2.2 Verduidelik waarom dit so gewild is. (5)

[40]

VRAAG 5

Tuine vorm ’n integrale deel van periode-ontwerp.

Vergelyk ’n formele Franse tuin met ’n Engelse landskaptuin en noem ’n voorbeeld van elk. **[20]**

VRAAG 6

6.1 Beskryf die bepalende elemente en dekoratiewe motiewe wat in ’n Rococo interieure ruimte voorkom. (20)

6.2 Wat was die redes vir die Franse Revolusie? (5)

6.3 Bespreek hoe die jare gedurende die Franse Revolusie dekoratiewe kunste beïnvloed het. (10)
[35]

VRAAG 7

7.1 Som die meubel-ontwikkelings op gedurende die Koningin Anne periode, ook bekend as die ‘Goue Era’ van Engelse meubels. (15)

7.2 Beskryf die binnenshuise styl van Robert en James Adam. (10)

7.3 Noem die belangrikste argitektoniese detaillering van ’n tipiese Georgiaanse periode huis. (10)

7.4 Jou kliënt het ’n Victoriaanse huis gekoop en wil die argitektoniese en dekoratiewe styl bewaar. Sy het jou gevra om ’n voorstel te lewer om ’n Victoriaanse sitkamer te herskep. (20)
[55]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou